LEESROOSTER VIR DIE WEEK	8 September	Jeremia 18:1-11 Psalm 139:1-6, 13-18 Lukas 14:25-33 Filemon 1-21

Vir die Koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.

PSALMS 139:1-5

Gebedsversoeke

Rousmart

Ons innige simpatie met die familie van Andre de Villiers met sy afsterwe. (Annette en Babette se broer)

Hospitaal

Marietjie Geldenhuys, Magda van Zyl se ma (knievervanging**)**
Herstel by step-down eenheid in Pinelands
Marietjie Basson, Kingsbury Hospitaal (Arm operasie)
Arina Barnard, 2 Militêre Hospitaal (knievervanging)
Hannetjie Kitshoff, Arina Barnard se suster

Tuis

Johann du Toit, Sterk aan tuis

Dankbare harte

Ons is dankbaar teenoor die Here vir Ds Jacob se vinnige herstel na sy skoueroperasie.

NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch
Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 8 September 2019

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom in die erediens. 'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente.
Vul gerus jou besonderhede op die groen vormpie in.

OGGENDDIENS:

09:00	**Kategese:**	Muntlegging
10:00	**Erediens:**	Dr Johan van den Heever
	Skriflesing:	Filemon 1-21
	Tema:	Om soos 'n Christen te lewe, is om oop gespalk te wees!
	Deuroffer:	Benson Sakala
	Kleuterkerk	**Tema:** Gaan vertel
11:00		Tee na die erediens
17:00	**Invia:**	Erediens by Kerksentrum

AANDDIENS:

18:00	**Erediens:**	Dr Johan van den Heever
	Skriflesing:	Psalm 139
	Tema:	Here, waar is U?

Algemeen

1. **Vintage Mark 6 September:**
Baie dankie aan elkeen wat ons mark 'n groot sukses maak elke keer. Die mark vind nou in die kerksaal plaas en het 'n baie lekker atmosfeer.
Help ons asseblief om hierdie geleentheid te adverteer.
Ons oorblywende datums vir die jaar:
* **4 Oktober, 1 November** en **6 Desember** hou ons Kersmark.
Ons benodig nog items vir die wit-olifant tafel. Ons wil graag nuut begin.

2. **Taizé:**
Dankie vir die die gesinne wat reeds bereid is om van hierdie studente te huisves oor die langnaweek van 25 - 29 Sep. ***Ons doen 'n finale beroep op lidmate om hulle huis vir nog twee perlgrims oop te stel.***

Taizé Gasheerhuise-vergadering:
Vergadering vir gashuise sal plaasvind op 12 September om 18:00 by die Kerkkompleks.

3. **V G K Rondebosch Vroue-oggend**:
VGK Rondebosch nooi ons gemeente se dames uit om op die 15de September hulle Vrouebedieningsoggend by te woon. Hulle vra wel dat ons sal laat weet hoeveel dames die oggend sal bywoon.

NOTA: Die oggend van die 15de September vind die Sanlam Kaapstad Maraton plaas. Dit beïnvloed normaalweg van ons gemeentelede om daardie oggend die erediens by te woon. Die paaie na die VGK Rondebosch word nie versper nie. Daar sal steeds 'n informele diens in ons kerksaal plaasvind daardie oggend. As jy hier kan uitkom, bring iemand saam.

4. **Preke op die web:**
Die preke sal voortaan ook op ons gemeente se Facebook bladsy geluister kan word.

Verjaardae vir die week

Betsie Rabbolini	08 September
Paula Marais	10 September
Karen Bagnall	11 September
Marie Coetzee	11 September
Irene Wucherpfennig	11 September
Thelma Raath	12 September
Rosemary Steenkamp	12 September
Stefan Weitz	12 September
Doreen Kalamdien	13 September

Baie geluk met elkeen van ons lidmate wat in September verjaar. Mag die Vader julle seën.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag:

09:30	Lewende Woord Bybelstudie
10:00	Moria Bybelstudie uitgestel tot 17 September
15:00	Avondrus

Woensdag:

15:00	Bybelstudie Huis Lückhoff

Donderdag:

10:00	Interkerklike vrouetee
18:00:	Taizé-vergadering Gasheer Huise

NOTA: Ons kerkkantoor sal op 23 & 24 September gesluit wees.

Deuroffer: Sakala's

Greetings from Mutende, Nathan and Baby Ernst in Kenya. We are all doing well and in good health by the grace of God. Thank you very much for your **love, care, prayers and many finances** invested during the the year of 2019.
The Sakala family would like to express our gratitude for your monthly commitments and additional support. Together as a team, we are achieving much greater results by the power of God.
Baby Ernst is 9 months old and growing very fast by the grace of God. He is an adorable boy, very playful and active. Nathan is 4 years old and very happy having a young brother to play with.

Praise Items:

- Praise God for the good health of my family.
- Praise the Lord for taking care of us in the field through our faithful and committed prayer supporters.
- Praise God for the SIM funds to carry out the economic empowerment trainings.
- Praise the Lord for the productive trainings
- Praise God for helping us to find a suitable place for Cyber Café and is operational.
- Praise God for the businesses that are developing gradually.

Prayer Items:

- Pray for Nathan's protection when he is using the school bus.
- Pray for Mutende as she takes care of our two boys.
- Pray for the salvation for the Diaspora people.
- Pray for the HandCraft products to be sold in Canada and possible market-abroad and locally.
- Pray for various businesses to grow to maturity level.
- Pray for Hannah and Gaana as they continue working on the final and crucial part of the Diaspora Children's Bible.
- Pray for the salvation of the prisoners/prisoner Warders and the Diaspora as they continue listening to the messenger Bible gadgets.
- Pray for the protection for the Cyber Café and more customers to come for the services. Pray for the administrator at the reception to befriend the clients with the intention of sharing the love of God.

We greatly appreciate your commitment and solid partnership through prayers and generous giving. You are very dear to us and value your on-going support.

Kind regards to your families, leadership and the whole congregation.
Warm regards,

The Sakala family

Voog: Ina du Toit

....vervolg

5. **Borge vir kalender 2020**
   Kan julle glo dit is alweer daardie tyd van die jaar. Ons het die proses begin om die kalender vir 2020 op te stel en ons soek borge om die kostes van die kalender te dek. Jy kan jou maand waarin jy gebore is, borg teen R250. Kontak gerus die kerkkantoor.

6. **Sondag 29 September:**
   Sondag 29 September hou ons `n "bring and share" maaltyd om afskeid te neem van ons Taizé groepie van 25 pelgrims, ons beplan weer bobotie, geel/witrys en salsa saam met roomys vir nagereg.
   Laat weet asb die kerkkantoor watter gereg (vir 6-7persone) jy bereid sal wees om te maak vir hierdie spesifieke Sondag.
   Ons benodig ook 'n paar bakke roomys.

   Daar sal ook lyste by die kerkdeure en in die saal beskikbaar wees om jou naam op in te vul. Om seker te maak ons het genoeg kos daardie Sondag vra ons ook asb dat jy sal laat weet of jy die ete sal bywoon.

7. **Interkerklike vrouetee:**
   Donderdag, 12 September om 10:00 hou ons weer 'n heerlike oggend van Christen-vriendinne wat saamkuier. Mans ook welkom. Kom geniet die saamkuier en nooi iemand saam.

SnapScan

Snap here to pay

Finansiële Oorsig vir September tot dusver

Dankoffers	R 16 400
Mikpunt: R52 273	
Erediensoffers	R 2 030
Mikpunt: R12 000	
Bed. aan Dowes	R 419

Verloop van program

Wo 25 Sept:

Ongeveer 5000 jongmense begin om by St Joseph's te registreer. Die 30 jongmense wat by ons gemeente ingedeel is, kom by ons aan vir verdere registrasie. Gashuise kom haal hulle jongmense, indien moontlik, of hulle kom aan die einde van die aand.
16:00 Algemene Opening by St Joseph's
20:30 Gashere kom haal hulle jongmense by die kerk af.
Benodig: Persone om hier behulpsaam te wees met ontvangs, verwelkoming en die gaan afhaal van die jongmense by St Joseph's. Ons kort nog slaapplek vir 10 jongmense (5 huise). Daar bly nou reeds 4 mense by die pastorie, wat insluit twee Russiese priesters uit Siberië en 'n persoon van hulle sosiale parlement.

Do 26 Sept:

Gashuise verskaf ligte ontbyt en maak seker dat die jongmense 08:00 by die kerkkompleks is. Indien dit te ver is om te loop - meer as 2 km, moet hulle per motor gebring word.
08:00-08:45 Oggend aanbiddingsgeleentheid
09:00 Stories van hoop. Vertrek na Rosedon Huis en polisiestasie (twee groepe van 15)
11:00 terug by kerk vanwaar hulle na St Joseph's stap vir die res van die middag/aand program.
20:30 Jongmense stap terug na gashuise of word by kerkkompleks opgelaai.
Benodig: Persone wat kan help met vervoer na Rosedon Huis.

Vr 27 Sept:

Gashuise verskaf ligte ontbyt en maak seker dat die jongmense 08:00 by die kerkkompleks is. Indien dit te ver is om te loop - meer as 2 km, moet hulle per motor gebring word.
08:00-08:45 Oggend aanbiddingsgeleentheid
09:00 Stories van hoop. Vertrek na Rosedon Huis en polisiestasie (twee groepe van 15)

Vr 27 Sept (vervolg):

11:00 terug by kerk vanwaar hulle na St Joseph's stap vir die res van die middag/aand program.
20:30 Jongmense stap terug na gashuise of word by kerkkompleks opgelaai.
Benodig: Persone wat kan help met vervoer na Rosedon Huis

Sat 28 Sept:

Gashuise verskaf ligte ontbyt en maak seker dat die jongmense 08:00 by die kerkkompleks is. Indien dit te ver is om te loop - meer as 2 km, moet hulle per motor gebring word.
08:00-08:45 Oggend-aanbiddingsgeleentheid
09:00 Stories van hoop. Jongmense bly by die kerkkompleks waar Koos Venter en nog 'n persoon hulle persoonlike storie van hoop met die jongmense deel
11:00 Terug na St Joseph's vir die res van die middag/aand program.
20:30 Jongmense stap terug na gashuise of word by kerkkompleks opgelaai.
Benodig: Persone wat beskikbaar is om met die jongmense te gesels oor stories van hoop.

So 29 Sept:

Gashuise en jongmense woon saam die erediens in ons Kerkgebou by.
Na die erediens eet ons almal saam. Hulle vertrek 12:00 na St Joseph's
Benodig: Lidmate om saam te kuier.

Lidmate kan elke oggend saam met ons die aanbiddingsgeleentheid van 08:00 tot 08:45 kom bywoon. Ons moedig julle aan om te kom.
Om by St Joseph's in te kom, moet almal registreer om 'n toegangspermit te kry. Jy kan kies of jy elke dag wil bywoon (R250 etes ingesluit) of afsonderlike dae (R100 per dag – etes ingesluit). Die Vrydagaand en Saterdagaand se aanbiddingsgeleenthede gaan besonders wees. Ek wil julle uitnooi om te kom luister hoe klink dit wanneer 5000 jongmense in stilte aanbid!

Die beplanningspan is tans Dr Johan, Ansie, Duncan en Arina. Besoek ons web vir meer inligting.
Help ons asb met nog huisvesting. Ons is mos 'n gestuurde familie.